



Sleutelwoorde

kwaito: 'n vorm van musiek en dans wat uit hip hop ontstaan het

musiekgenre: 'n spesifieke vorm van musiek, soos pop, jazz of klassiek



Nota

Party mense beskryf kwaito as 'n manier om jouself uit te druk. Dit wys hoe baie Suid-Afrikaners aantrek, praat en dans. Dit kan ook 'n straatlewenstyl wees, waar die musiek en die dans die township-lewe weerspieël. Kwaito-musiek word ook garagemusiek genoem en word dikwels in motorhuise gespeel. Die name van kwaito-danse is *kwasa kwasa*, *pansula* en *Mr Bean*.



Uitbreiding

Luister jy na Kwaito-musiek? Wie is die gewildste kunstenaars?

Eenheid 3 Bewegingsreekse

Gebruik verskuiwings van gewig van verskillende liggaamsdele, verskillende soorte spronge, vorentoe spronge en balansposisies

Kwaito is 'n **musiekgenre** wat gedurende die 1990's in Suid-Afrika ontstaan het toe Nelson Mandela die eerste demokraties verkiesde president geword het. Kwaito het vinnig gewild geword.

Die boodskap van kwaito-musiek is om pret te hê. Kwaito het dikwels 'n slim melodie en interessante liggaamslagwerkklanke. Dit is soortgelyk aan hip hop-musiek, maar kwaito-sangers sing die lirieke effens anders. Hulle rymklets en skree dikwels die lirieke.

'n Tipiese beweging in die kwaito-dans is 'n slangagtige beweging met die arms en hande wat die *ngwazi* genoem word. Jy kan in ander kwaito-bewegings duik en vorentoe skop soos 'n sokkerspeler. Jy beweeg jou kop van kant tot kant in kwaito. Jy kan ook jou skouers soos 'n robot maak of in 'n meer vloeiende styl. Jy kan jou voete skoffel.



Kwaito-dans

Aktiwiteit 3.1

25 minute

Jou onderwyser sal jou lei om op te warm deur fisieke opwarming vir koördinasie en beheer te gebruik.

1. Werk saam in groepe. Skep 'n kwaito-dans in jou groep. Gebruik jou verbeelding. Onthou hoe hierdie musiekgenre ontwikkel het en waar dit vandaan kom. Gebruik hierdie inligting in jou dans. Jy kan kwêlafluitjies, bofbalhoedjies en bandanas in jou dans gebruik.
2.
 - a) Wat is 'n musiekgenre?
 - b) Waar het kwaito-musiek ontstaan?
 - c) Beskryf die gemoedstemming van kwaito-musiek.
 - d) Op watter ander dansstyl is die kwaito-dans gebaseer?
 - e) Waarom, dink jy, geniet jong mense in Suid-Afrika kwaito-musiek en -dans so baie?